kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema:** **Op die voetspore van geloofsgetuies Springbok toe**

**Skriflesing: Hebreërs 12:1-12**

## Broodjies vir die pad

"For the dead and the living, we must bear witness."
— elie wiesel

"It was only a smile, nothing more. It didn't make everything all right. It didn't make ANYTHING all right. Only a smile. A tiny thing. A leaf in the woods, shaking in the wake of a startled bird's flight. But I'll take it. With open arms. Because when spring comes, it melts the snow one flake at a time, and maybe I just witnessed the first flake melting. - Amir"
— Khaled Hosseini, The Kite Runner

"What you end up remembering isn't always the same as what you have witnessed."
— Julian Barnes, The Sense of an Ending

"And that's why i have to go back
to so many places
there to find myself
and constantly examine myself
with no witness but the moon
and then whistle with joy,
ambling over rocks and clods of earth,
with no task but to live,
with no family but the road."
— Pablo Neruda

"Remembering our past, carrying it around with us always, may be the necessary requirement for maintaining, as they say, the wholeness of the self. To ensure that the self doesn't shrink, to see that it holds on to its volume, memories have to be watered like potted flowers, and the watering calls for regular contact with the witnesses of the past, that is to say, with friends. They are our mirror; our memory; we ask nothing of them but that they polish the mirror from time to time so we can look at ourselves in it."
— Milan Kundera, Identity

"If we only had eyes to see and ears to hear and wits to understand, we would know that the Kingdom of God in the sense of holiness, goodness, beauty is as close as breathing and is crying out to born both within ourselves and within the world; we would know that the Kingdom of God is what we all of us hunger for above all other things even when we don't know its name or realize that it's what we're starving to death for. The Kingdom of God is where our best dreams come from and our truest prayers. We glimpse it at those moments when we find ourselves being better than we are and wiser than we know. We catch sight of it when at some moment of crisis a strength seems to come to us that is greater than our own strength. The Kingdom of God is where we belong. It is home, and whether we realize it or not, I think we are all of us homesick for it."
— Frederick Buechner

**oulap se rooi**

as die son maandae oulap se rooi
hoog bó die bantamberge gooi
moes ons tjenners voetsaam
houtveld se kant toe staan
dis houtmaak die ganske dag
tot honger virrie stukkie kos
jakkalstjankies uit jou maag laat los
maar hout se tjent moes kláár
ma-goed had geen genade
vir rônekoptjenners nie
vanaand, wanneer ma-goed ons roep
loop sit ons ommie vyebosvuur
met derms en suursous
en ons praat     en ons lag oor
alle dinge van dié lang dag
en ons kyk hoelat vyebosvlam
oulap se rooi teen'ie swart skadu
vannie rietdak gooi

*Thomas Deacon*

*Uit 'minjonet en bitterbos' – Thomas Deacon. Naledi, 2022*

In hierdie gedig, soos ook in die ander gedigte in die eerste bundelafdeling, word 'n tyd, 'n ruimte en 'n lewenswyse opgeroep wat vreemd is aan moderne (stads)mense. Dit skets 'n prentjie van bykans onvoorstelbare armoede, van 'n lewe sonder enige gerief, van een karige maaltyd per dag en van harde hande-arbeid. Tog, teen alle verwagting in, is dit ook 'n lewe wat deur klein vreugdes en ongekompliseerde lewensverwagtinge gekenmerk word. Dit is 'n tipiese herinneringsvers waarin die vreugdes onthou word en die swaarkry as't ware verheerlik word omdat dit nie meer aan die lyf gevoel word nie.

https://versindaba.co.za/2022/03/02/resensie-minjonet-en-bitterbos-thomas-deacon/

"When we are securely rooted in personal intimacy with the source of life, it will be possible to remain flexible without being relativistic, convinced without being rigid, willing to confront without being offensive, gentle and forgiving without being soft, and true witnesses without being manipulative."
— Henri J.M. Nouwen

## Skep water uit die helende gistersfontein

*Wilhelm Jordaan*

Daar sit die drie omies toe met hul effense boepies – klasmaats wat mekaar toenterjare laas gesien het toe hulle in matriek was aan ’n bekende seunskool in Bloemfontein (ons los nou maar die naam, anders dreun die gebruiklike, vervelige beskuldiging!).

Hulle groet mekaar met stewige hande en net daarna weer ’n keer, ietwat skugter, met die bekende skoolgroet. En hulle roep mekaar op ou byname – Twaan en Pit, en Stoffel bly net Stoffel soos hy gedoop is. Op uitnodiging van een eet hulle saam in sy huis, wat uitkyk op die lieflike Franschhoekvallei.

Ek stap uit na ’n gronddam voor die huis met bome, wingerde en berge op die agtergrond. Die rimpelings van weerkaatsende water bring opeens ’n stroom herinnerings oor die ligte dae van lank gelede toe ons maats was én hoe broos, ja, hoe weerloos, ons nou geword het.

Draai om en sien Twaan en Stoffel in diep gesprek en ek herinner my Simon & Garfunkel se gedrae liedjie “Bookends”: “ . . . Old friends / Memory brushes the same years . . . A time it was, and what a time it was, it was / A time of innocence / A time of confi- dence . . .”

En ek weet opnuut tóé en nóú vloei ineen – sodat tyd vir ’n wyle kantel. Want Stoffel maak ’n gebaar en frons, kompleet soos hy as seun gedoen het toe hy in die klas ’n onderwyser ’n moeilike vraag gevra het. En Twaan gooi steeds sy kop agteroor as hy lag soos ek hom meermale gesien doen het.

Die Franse skrywer Marcel Proust was reg toe hy in Op soek na verlore tyd geskryf het ons indrukke van mense en dinge streef na harmonie – dat die indrukke wat ons nóú vorm, gevoed word deur idees wat ons reeds gevorm het.

As ons dít verstaan, word ons met “sensuele onmiddellikheid” teruggeneem na die vreugdes van die kommervryer dae. Saam met die insig dat sulke indrukke die weefstof is van die wete dat die lewe in die kleinste besonderhede betekenisvol is.

Daarom kan ek met “sensuele onmiddellikheid” op ’n hoë ouderdom myself herbeleef as die 13-jarige poenskoppie, gereed vir die eerste hoërskooljaar. En met filosofiese erns wonder: “Herken jy nog die seun wat jy wás in die man wat jy ís – die skraal, laggende seuntjie van toe en die steeds laggende oompie van nou?” En kan byvoeg “Ek is nog hy,” soos Jan van Melle sê in Bart Nel?

Al vertellende ontvou die drie skoolmaats se lewenstories en word ons opnuut bewus van die manier waarop ons voorgeskrewe boek De Kleine Johannes deur Frederik van Eeden profeties oor lewens was – saamgevoeg in die vraag: Wat gee beslag aan jou lewe – die dromende verbeelding, die rede of die liefde?

En ons weet, elkeen op eie manier, die krag van dié dinge en dat dit goed is om gereeld helende water te gaan skep by die fontein van gister; dat nostalgiese besoeke aan die verlede vormend is vir vorentoe leef . . .

** Jordaan is ’n emeritus professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/wilhelm-jordaan-skep-water-uit-die-helende-gistersfontein-20220914

## Brood vir die pad

### Stoksielalleen, in ’n kroeg vol ander mense

*Dana Snyman*

Hy het laat geslaap en tydsaam opgestaan.

Sy knie is weer seer vandag. Só kom meld die oumenspyne aan.

Waar sou hy sy foon neergesit het? Hier lê dit op die kassie by die foto van haar.

Iemand het vir hom ’n WhatsApp in die nag gestuur. Sy kind in Australië. “Dad moet di rugby enjoy. Love u lots,” skryf sy. Die kinders met hul lui manier van skryf. Nie dat sy meer ’n kind is nie. Sy is al die ma van twee.

Die wedstryd begin halftwaalf, het die koerant gesê. Dan is dit al aand daar by hulle.

Hy weet nie of hy vandag alleen na die wedstryd wil kyk nie. In die week het hy die sproeier in die tuin laat loop, maar die grasperk voor die venster bly rypvaal. Dit voel of die winter nooit gaan end kry nie, hierdie winter wat ’n winter gelede begin het die middag toe die dokter bel en sê hy moet hospitaal toe kom, haar suurstofvlak bly daal, hulle wil die respirator afskakel.

Hy kan seker by vriende gaan kyk, maar op sulke dae is hy nie lus vir vleisbraaipraatjies nie.

Sy foon piep. Weer ’n WhatsApp uit Australië: “Is Dad orait?”

“Sien uit na die rugby,” tik hy terug.

“Gaan by pelle kyk.”

“Dad mut dit enjoy.

“Kyk uit vir ons.

“Ons is al hie by di stadium. Go Bokke!” antwoord sy, met ’n bloedrooi hartjie daarby.

Hoe lank is hulle al daar oorkant? Agt jaar?

Hy gaan by die kombuisdeur uit. In die agterplaas staan die kampsleepwa wat hy vir hulle twee gekoop het. Hul aftreeplanne was gereed.

Hulle het darem daardie een naweek op Tietiesbaai gekamp.

Hy ry na die middedorp toe. Die Ierse kroeg oorkant die Engen lyk na die regte plek. By die tafeltjies voor die grootskerm-TV sit mense.

Hy bestel ’n bier by die toonbank en gaan sit by een van die tafeltjies. Hy kan nie onthou wanneer laas was hy alleen in ’n kroeg nie.

Op die skerm skakel hulle oor na die stadion in Sydney. Die spanne stap op die veld, dan gly die kamera oor die skare op die paviljoen. Hy leun vorentoe.

Iewers tussen al daardie mense moet sy dogter, haar man en die twee kleinkinders wees wat hy nog net een keer kon vashou.

Die Bokke lyk goed. Die voorspelers wen een bal ná die ander. Hy wil homself in die wedstryd verloor. Halftyd loop die Bokke voor en hy gaan kry nog ’n bier. Dis lekker hier tussen die mense.

Met ’n paar minute oor is dit duidelik die Bokke gaan wen. Hy wens die wedstryd hou nie op nie. Dan wys die kamera weer die paviljoen. Iemand in die skare hou ’n plakkaat in die lug waarop staan: OUPA JAN. Dis hý! Hý is oupa Jan! Hy wil opstaan en skreeu: Dis ek, dis mý kinders daardie! Maar die kamera is weer terug by die spelers op die veld.

Hy drink die laaste bier in sy glas en stap tussen die mense deur, die stilte in, terug na sy bakkie toe. Hy sal aan sy knie moet laat werk.

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/stoksielalleen-in-n-kroeg-vol-ander-mense-20220909

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877